Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

MAART 2023

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Stanford	028 341 8500
24-uur-beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

FEESSEISOEN OORTREF VERWAGTINGE

Die feit dat Munisipaliteit Overstrand operasioneel gerat was om besoekers te verwelkom, het beslis vrugte opgelewer: Die verkeer het gevloei, openbare plekke is skoon gehou en misdaad is tot 'n minimum beperk.

Hierdie lof kom van operateurs in die toerisme en gasvryheidsbedryf wat 'n allemintige toename in besoekers, vergeleke met die vorige twee jaar se syfers, gerapporteer het.

Uiteraard het die feit dat Overstrand as gasheer opgetree het vir nie minder nie as 348 funksies wat enigiets gedek het van kuns en kunshandwerk, kos en wyn, ParkRuns en half-marathons, raakrugby tot 4x4-tydrenne – om nie van die lewendige musiekvertonings te praat nie – het alles bygedra tot hierdie positiewe uitkomste.

Wat egter die verblydendste is, is dat vakansiegangers van heinde en verre 'n tydjie afgeknyp het om die natuurskoon en ons ryke erfenis opnuut te ontdek:

- Die Harold Porter-natuurreservaat het 'n toename van 12% vergeleke met die vorige jaar gerapporteer
- Besoekers aan die Kogelberg-natuurreservaat het met 57% gestyg
- 'n Allemintige 1 700 mense komende van sover as Australië, Kanada, Frankryk, Duitsland, Indië, Namibië, Skotland en Switserland het besoek gebring aan die Danger Point-vuurtoring

Daar is geen twyfel nie dat diegene wat die Overstrand besoek, vas van voorneme is om al ons verborge skatte te ontdek, 'n feit waarvan die 4 543 inloopbesoeke (die meeste ooit) wat deur Overstrand se besoekerinligtingsentrums gerapporteer is, kan getuig.

Dit blyk in die algemeen dat sakeondernemings en operateurs van mening is dat die toerisme- en gasvryheidsbedryf aan die herstel is ná die ineenstorting wat hulle weens die Covid-19-pandemie ervaar het.

"Ons mag nou wel almal by die oorvloedige Feesseisoen gebaat het, maar dis nie nou die tyd om te laat links lê nie. Ons moet die verposing gebruik om na te dink oor wat ons geleer het en waarop ons moet verbeter," het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie gemaan. "Overstrand het so baie om te bied: Kom ons verenig in ons strewe om aan almal – of dit nou 'n besoeker of 'n inwoner is – net die beste te bied. En hou tog in gedagte dat die Paasvakansie net om die draai is."

LIG 'N GLASIE OP 2022/23 SE DRUIWE-OES

Suid-Afrika is die enigste land ter wêreld wat presies kan sê op watter dag en datum sy wynbedryf 'n aanvang geneem het te danke aan 'n dagboekinskrywing gedateer 2 Februarie 1659.

Vandag spog Overstrand se landboulandskap met vele wynkelders en wingerde wat oral in die wêreld met toekennings bekroon is, tot só 'n mate dat fynproewers van wyd en syd hierheen stroom om ons verruklike wyne te proe en hulle in die asemrowende vistas langs ons drie wynroetes te verlustig.

Dr. Annelie Rabie, Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, was daar om die Suid-Afrikaanse wynbedryf se 364ste verjaardag te vier en 'n glasie op die 2022/23-oes te klink: "Danksy die toewyding van ons merkwaardige wingerdbouers, keldermeesters en hul ondersteuningspersoneel word 'n stukkie van die Overstrand nou in bykans elke uithoek van die wêreld aan tafel bedien en geniet," het sy opgemerk.

"Julle bydrae om die nuuskierigheid en smaak van potensiële toeriste te prikkel, word hoog op prys gestel en ek is seker daarvan dat die wynproe- en ander geleenthede wat julle vir die komende maande beplan het, nie net 'n groot bydrae gaan maak tot die stimulering van ons plaaslike ekonomie nie, maar ook Overstrand se welverdiende insluiting as 'n "moet besoek"-plek op die wêreldwye kaart van wynbestemmings gaan verewig."

HERMANUS-KONTREIMARK: *DIE PAD VORENTOE*

In die loop van Februarie is verskeie vergaderings en besprekings met belangstellende en belanghebbende partye gehou rakende die voortgesette bestaan van die Hermanus-kontreimark.

Dit is te berde gebring nadat Munisipaliteit Overstrand geen ander keuse gehad het nie as om te gelas dat die mark gesluit moet word omdat dit nie aan verskeie wette en regulasies voldoen nie.

Tans verhuur die munisipaliteit die eiendom aan die Hermanus-sportklub, wat op sy beurt dit, per ooreenkoms, aan stalletjiehouers onderverhuur.

Die huidige stand van sake is dat nóg die sportklub nóg enige van die stalletjiehouers oor 'n geldige brand-/populasiesertifikaat en ontruimingsplanne beskik. Op die koop toe is geen bouplanne goedgekeur nie en het die versekering op die eiendom reeds 'n jaar gelede verstryk.

"Alhoewel ons almal dit eens is dat die Hermanus-kontreimark onontbeerlik vir handelaars, plaaslike inwoners en besoekers is, moet daar as 'n saak van dringendheid aandag geskenk word aan aangeleenthede rakende die verhuring- en onderverhuringooreenkoms en die blatante verontagsaming van wette en regulasies as hierdie mark moet aanhou bestaan," het Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie gesê by 'n openbare vergadering wat op 6 Februarie gehou is.

Dean O'Neill, Overstrand se munisipale bestuurder, stem saam maar het ingestem tot 'n versoek dat handeldrywing by dié mark voortgesit kan word met die voorbehoud dat daar ooreengekom word op 'n plan om nakoming te bewerkstellig. Om só 'n plan te formuleer, sal alle betrokke partye hul insette moet lewer en sal daar op 'n plan van aksie met ononderhandelbare leweringsdatums ooreengekom moet word, het hy bygevoeg.

Daar is ooreengekom dat 'n vergadering tussen verteenwoordigers van Munisipaliteit Overstrand, die Hermanus-sportklub en die Hermanus-kontreimark so gou as moontlik belê moet word om die punte te bespreek wat tydens die openbare vergadering geopper is.

Insgelyks het die Burgemeester onderneem om gereeld op te volg oor die vordering wat gemaak is en om die publiek ingelig te hou. Sy het egter weer eens beklemtoon dat alhoewel almal gaande is oor die mark, die huidige situasie onverdedigbaar is en 'n beroep op almal gedoen om hul samewerking te gee sodat ondersteuners van die mark nog vir baie jare kan baat by 'n veilige kontreimark wat aan alle wettige regulasies voldoen.

OPDATERING VAN KOOPKRAGMETERS GOED OP DREEF

Die proses algemeen bekend as die TID-oorrol (d.w.s. die herprogrammering van koopkragmeters se sagteware) in Overstrand se munisipale area vorder goed, en alle aanduidings is dat dit lank voor die sperdatum, **24 November 2024, afgehandel sal wees**. Die tabel hieronder gee 'n aanduiding van die status tot op datum van publikasie:

GROTER HERMANUS **Woongebied(e)**	**Status**	**Ontplooiings-/ afhandelingsdatum**
Eastcliff, Hermanus Heights, Voëlklip, Westcliff, Northcliff, Beach Club, Whale Rock Estate, Hermanus Industria	Afgehandel	
Hawston	Word tans onderneem	Maart 2023
Meerenbosch	Afgehandel	
Sandbaai	Afgehandel	
Mount Pleasant	Beplan	Maart – April 2023
Zwelihle	Beplan	Mei – Junie 2023
HANGKLIP-KLEINMOND **Woongebied(e)**	**Status**	**Ontplooiings-/ afhandelingsdatum**
Kleinmond	Afgehandel	
Overhills, Proteadorp, Uitbreiding 6	Word tans onderneem	Maart 2023
STANFORD **Woongebied(e)**	**Status**	**Ontplooiings-/ afhandelingsdatum**
Stanford, Plase	Beplan	Maart – April 2023
GROTER GANSBAAI **Woongebied(e)**	**Status**	**Ontplooiings-/ afhandelingsdatum**
Masakhane	Beplan	Nov – Desember 2023
Franskraal, Uilenskraalmond, Gansbaai Plase	Afgehandel	
Birkenhead, Kleinbaai	Beplan	May – Junie 2023
Blompark	Beplan	Julie – Augustus 2023
De Kelders, Gansbaai, Perlemoenbaai, nywerheidsgebied	Beplan	Sept – Oktober 2023
Pearly Beach	Beplan	Nov – Desember 2023

❖ *Overstrand-inwoners wat hul krag direk van Eskom koop, moet daarop let dat Eskom sy eie skedule volg om die verpligte TID-oorrol te bewerkstellig. As hulle jou nog nie gekontak het nie, kontak Eskom asseblief direk om te hoor hoe hulle vorder.*

Wat jou te doen staan

Sodra jou woonbuurt vir opdatering aan die beurt kom, sal jy twee ekstra kodes met 20-syfers ten tyde van jou eerste elektrisiteitsaankope vir die maand ontvang. Met ander woorde, daar sal drie kodes in totaal op die koopbewys wees: Die twee ekstra kodes plus die gebruiklike een. Dieselfde geld wanneer 'n banktoepassing gebruik word om krag te koop.

Al drie kodes moet in volgorde ingepons word deur die volgende stappe te volg:

1. Pons die eerste 20-syfer-sleutelveranderingskode in en wag totdat dit aanvaar is.
2. Pons die tweede 20-syfer-sleutelveranderingskode in en wag totdat dit aanvaar is.
3. Pons die gewone 20-syfer-elektrisiteitskoopbewys in om die eenhede soos gebruiklik te herlaai.

Belangrike vermaning: Sorg dat alle ongebruikte koopbewyse gelaai word vóór jy opdateer!

Eenhede wat reeds op jou meter gelaai is, sal steeds ná herprogrammering beskikbaar wees, daarom moet jy asseblief seker maak dat alle ongebruikte koopbewyse ingepons word. As jy nie jou ongebruikte koopbewyse eers inpons nie, sal jy hulle nie kan gebruik nadat jy die sleutelverandering-koopbewys ingevoer het nie.

Waar om hulp te kry

As jy probleme ondervind met die opdatering van jou koopkragmeter, of as jy die oorskakeling van jou meter wil bespoedig, kontak Munisipaliteit Overstrand gedurende kantoorure (Ma. – Vr. van 07:45 – 13:00 en van 13:45 – 16:30) by een van die volgende nommers:

- Groter Hermanus: 028 313 8000 (finansies) of 028 316 2630 (elektrisiteit)
- Hangklip-Kleinmond: 028 271 8400
- Stanford/Groter Gansbaai: 028 384 8358 of 028 384 8376

As 'n alternatief, stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

VOLSTOOM OP PAD NA VOLHOUBARE ENERGIE VIR ALMAL

Munisipaliteit Overstrand is een van ses munisipaliteite wat aan die Wes-Kaapse regering se program vir veerkragtige munisipale energie deelneem en, volgens rdl. Clinton Lerm (burgemeesterskomiteelid vir infrastruktuur en investering) doen dié munisipaliteit alles in sy vermoë om te verseker dat alle inwoners billike toegang tot volhoubare energie sal hê.

"Maar voordat ons 'groen kan gaan', moet verskeie tegniese en regulatoriese aspekte egter sorgvuldig oorweeg word waaronder netwerkvermoë, regulatoriese beperkings, verkrygingsprosedures, basisopwekkingsvraag en -kapasiteit, moontlike nivellering van spitse, beurtkrag en energiedoeltreffendheid," het hy gemaan.

"Benewens bywerking van die elektrisiteitmeesterplan het ons departement elektriese dienste twee studies in die loop van 2022 afgehandel, naamlik 'n studie oor koste van voorsiening en 'n studie oor aansluitings gegrond op die kragnetwerk se kapasiteit.

"Hierdie studies was nodig om te identifiseer waar netwerke in staat is om hernieubare-energieaansluitings te akkommodeer, wat die kapasiteit is wat geakkommodeer kan word en hoe hierdie bronne van hernieubare energie ten beste in ooreenstemming gebring kan word met bestaande beleide en statutêre vereistes.

"Hulle was ook nodig om te bepaal watter persentasie hernieubare energie vanaf onafhanklike kragprodusente (in Engels independent power producers afgekort as IPPs) aangekoop kan word om te verseker dat kliënte wat van kleinskaalse gekoppelde opwekking (in Engels small-scale embedded generation afgekort as SSEG) gebruik maak, wanneer ook al nodig, steeds toegang tot die munisipale netwerk sal hê."

Aangesien verskeie bekostigbare en volhoubare kombinasies van tegnologieë vir hernieubare energie bestaan, is die volgende stap om mini- geïntegreerde hulpbronplanne op te stel ten einde te bepaal watter persentasie hernieubare energie aan son-, wind- of hidro-kragopwekking toegewys moet word.

Benewens die bestaande SSEG-program, is Overstrand volgens rdl. Lerm van voorneme om teen 2026 hernieubare energie van IPPs te bekom en word die volgende moontlikhede tans ondersoek:

- **'n Hernieubare-energieaanleg**

'n Versoek vir voorstelle om 'n hernieubare-energieaanleg op munisipale grond in Kleinmond op te rig, sal binnekort geadverteer word.

- **Hidro-elektrisiteit**

Aangesien tegnologie oor die afgelope paar jaar aansienlik verbeter het, gaan Overstrand weer eens ondersoek instel na die haalbaarheid om hidro-elektrisiteit via die valtoevoer-grootmaatwaterpypleiding tussen die De Bos-dam en Hermanus op te wek vir die doel om die waterbehandelingsaanleg by Preekstoel te bedryf.

- **Deurvoer**

Dit behels dat goedgekeurde kragprodusente en kraghandelaars wat aan vereistes voldoen, toegelaat word om private kragopwekkers van een plek na 'n ander te verskuif ten einde elektrisiteit aan 'n koper of opraper ("off-taker") te verskaf. Goedkeuring om met hierdie opsie voort te gaan, is reeds deur die Raad verleen en dit kan so gou as 2024 van stapel gestuur word. Aangesien "wheeling" (die Engelse term vir deurvoer) egter oor 'n kombinasie van munisipale en Eskom-netwerke gaan plaasvind, sal daar aan die regulasies en beleide van beide owerhede voldoen moet word.

- **Aanpassing ("retrofitting")**

Overstrand is tans besig om munisipale geboue te ondersoek wat, afhangende van dakoppervlak, ligging, bome en skadu, geskik is vir aanpassing. Die bevindinge sal by 'n mini- geïntegreerde hulpbronplan vir voorlegging einde-Februarie 2024 ingesluit word, waarna ondersoek ingestel sal word na befondsingsopsies.

- **Sonpanele**

Fotovoltaïse sonkragstelsels kan op dakke van enige grootte geïnstalleer word, en die "skoon" elektrisiteit wat dié stelsels voortbring, kan in batterye gestoor, direk gebruik of in die kragnet teruggevoer word. Tot op hede het ongeveer 45 sakeondernemings en inwoners in die Overstrand geregistreer om oormaatelektrisiteit in die munisipale kragnet terug te voer. Alhoewel Overstrand die installasie van private SSEG-stelsels aanmoedig, moet potensiële verskaffers daarop bedag wees dat goedkeuring en registrasie van só 'n installasie verpligtend is, selfs al word oormaatelektrisiteit nie in die kragnet teruggevoer nie.

TEGNIESE ASPEKTE VERBONDE AAN SSEGs

- Baie stelsels wat beweer dat hulle nie aan die kragnet gekoppel is nie, is nie van die huis se elektriese bedrading geskei nie en is dus tegnies gesproke nie "ongekoppel" nie. Om as 'n ongekoppelde stelsel te kwalifiseer, moet 'n fotovoltaïse (FV-) sonkragstelsel geheel en al van die eiendom se elektriese bedrading geskei wees.
- Koppeling van 'n ongemagtigde SSEG-stelsel aan die kragnet kan inmeng met elektrisiteitstoevoer, die bestuur van die vraag na elektrisiteit, toekomstige netwerkbeplanning **EN** 'n veiligheid- en brandrisiko inhou.
- Kliënte wat 'n SSEG-stelsel wil installeer, ongeag die opwekkingskapasiteit, moet 'n aansoekvorm invul en skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit versoek alvorens die stelsel verkry en geïnstalleer word. Die goedkeuringsproses vir 'n SSEG-installasie sal varieer na gelang van die grootte van die stelsel en die verbruikskategorie. Alle toepaslike riglyne en vorms is beskikbaar op die munisipaliteit se amptelike webwerf: www.overstrand.gov.za.